

Vraagtekengebruik in gebruikerskommentaar op Afrikaanse webtuistes: 'n korpuslinguistiese studie

Lisa Kruger

Lisa Kruger, Departement Afrikaans en Nederlands, Noordwes-Universiteit

Opsomming

Tydens rekenaarondersteunde kommunikasie (ROK) kan daar 'n behoefte wees om sekere paralinguistiese betekenisse uit te druk, aangesien deelnemers mekaar nie kan sien of hoor nie. Leestekens soos die vraagteken word byvoorbeeld gebruik om buitetalige elemente soos intonasie uit te druk. In gevalle waar die bestaande of standaardleestekengebruik egter nie vir internetgebruikers voldoende is om hulself mee uit te druk nie, kan leestekens op ongewone wyses gebruik word. Heelwat van die bestaande Afrikaanse literatuur oor leestekengebruik in ROK handel oor ROK wat werklike gespreksituasies, soos SMS-gesprekke, naboots. Daar is egter vorme van ROK, soos gebruikerskommentaar, wat vanweë die doel van en platform waarop die kommunikasie plaasvind, heelwat van die bestudeerde ROK-kontekste verskil.

Die doel van hierdie artikel is om die gebruik van die vraagteken in gebruikerskommentaar op Afrikaanse webtuistes te beskryf. Hierdie gebruik word vergelyk met die standaardvraagtekengebruik in Afrikaans, asook met bestaande literatuur oor leestekengebruik in ROK. Aanvullend tot die literatuurstudie word 'n korpusondersoek oor die gebruik van vraagtekens in die NWU-Kommentaarkorpus gedoen.

Daar word getoon dat vraagtekens in gebruikerskommentaar meestal op die standaardwyse gebruik word. Dit word egter ook op ander wyses gebruik, wat ooreenstem met bestaande literatuur oor leestekengebruik in ROK. Die soorte vraagtekengebruik wat in die literatuur oor gespreksgebaseerde ROK, soos SMS-taal, voorgekom het, het ook in die gebruikerskommentaar in die steekproef voorgekom. Die gebruik van vraagtekens en ander leestekens om elemente soos intonasie, luidheid, tempo en pouses aan te dui, dui daarop dat daar by informele geskrewe internettaal 'n behoefte is om paralinguistiese tekens te gebruik. Verder dui dit daarop dat hierdie behoefte in Afrikaanse gebruikerskommentaar, net soos in ander vorme van ROK, op allerlei skeppende wyses deur leestekens bevredig word.

Trefwoorde: gebruikerskommentaar; internettaal; kommentaarkorpus; korpuslinguistiek; leestekens; rekenaarondersteunde kommunikasie; ROK; toevloeiing; vraagteken

Abstract

Question marks in user-generated comments on Afrikaans websites: a corpus linguistic study

In computer-mediated communication (CMC) a need can arise to express certain paralinguistic cues since participants cannot see or hear one another. Punctuation marks, such as the question mark, can be used to express paralinguistic elements such as intonation. When internet users find standard punctuation insufficient to express the meanings or paralinguistic cues they wish to express, they may use punctuation marks in unconventional ways. Existing studies on the use of punctuation marks in Afrikaans CMC have largely focused on forms of CMC that imitate real-life conversations, such as chatrooms, SMS or WhatsApp conversations. However, other forms of CMC, such as user comments left on websites, differ in terms of objective and the platforms on which it takes place. User comments are reactions to a particular post or article (Reich 2011:97), and although conversations may occur between different users in a comment section, it is not the primary goal, as it is in conversation-based CMC. This article aims to describe the use of question marks in Afrikaans user comments on websites by doing a corpus study in the NWU-Kommentaar-korpus (CTexT 2022). The findings of the corpus study will be compared to the standard usage in Afrikaans as it is presented in the *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* (AWS 2017), as well as existing literature on question marks in conversation-based Afrikaans CMC.

In the existing literature on the use of punctuation marks in CMC, some common themes can be observed. Firstly, punctuation marks may serve as a way to express paralinguistic cues such as intonation, pauses and emphasis (Crystal 2011:19; Kalman and Gergle 2009:2; Van Gass 2006:79; Verhoef 2001:14). Failing to express paralinguistic cues in a social context online may cause an internet user to appear somewhat robotic (McCulloch 2019:109–10). Written CMC therefore tends to exhibit some characteristics commonly associated with spoken language (Crystal 2011:21). Secondly, the omission of punctuation marks is frequently described as a characteristic of CMC (Busch 2021; Ferreira 2022; Jansen van Vuuren 2007; Ruhl 2016; Verhoef 2001). Various reasons are ascribed to this, such as the fast pace of ongoing simultaneous conversations in certain contexts (Jansen van Vuuren 2007:241). According to Busch (2021:6–7), question marks are often omitted at the end of sentences which are syntactically marked as questions, since question marks are not necessary to indicate that these sentences should be read as questions. A third common theme in studies on punctuation use in CMC is the use of multiple punctuation marks, also known as flooding. The flooding of punctuation marks can be used to convey intensity, emphasis, or emotions such as surprise or uncertainty (Daelemans, Hilte and Vandekerckhove 2018:296; Jansen van Vuuren 2007:242). Another theme is the independent use of punctuation marks, where punctuation marks are not attached to preceding sentences or phrases and are used to express certain meanings independently (Ruhl 2016:8). Lastly, punctuation marks, such as question marks, can be used to self-censor offensive language in CMC in order to evade moderators or moderation software (Banda and Mokwena 2019:1090).

The corpus utilized in the study is the NWU-Kommentaarkorpus 1.6, which is available on the Virtuele Instituut vir Afrikaans (VivA) Korpusportaal. The corpus consists of unedited user comments from two anonymous websites (VivA 2023). A random sample of 400 hits was selected in the corpus from the first 100 000 hits for the query “?”. Every question mark in the sample was annotated based on three categories: 1) the type of question mark (e.g. single question mark, multiple question marks, question mark combined with other punctuation marks); 2) the context in which the question mark occurred (e.g. the type of sentence or utterance it is attached to, if any); and 3) the communicative functions or speech acts (representatives, commissives, directives, declarations or expressives (Searle 1976:10–6)) of the utterances accompanying the question marks. The speech acts were also annotated as direct or indirect speech acts.

The most common type of question mark usage in the sample was single question marks, which occurred in 65,5% of the 400 cases. The remaining 34,5% of the cases consisted of multiple question marks and question marks combined with other punctuation marks. Multiple question marks occurred in 112 cases and were mostly used to convey intensity or emphasis. Question marks combined with exclamation marks occurred in 12 cases, conveying emotions such as disbelief, shock or anger. In these cases, the combinations could also indicate intensity or loudness. Question marks also occurred in combinations with full stops or ellipses in 11 cases and with commas in 3 cases. In 70% of the cases, question marks occurred at the end of sentences that were syntactically marked as questions, whereas in 27,25% of the cases, question marks occurred at the end of sentences that would not have been considered questions if not for the presence of the question marks. In the other 2,75% of the cases, question marks occurred within sentences, after interjections or forms of address, or independently. The majority of the utterances in the sample were expressives (74,25%), followed by representatives (15,5%), directives (9,75%) and commissives (0,5%). Only questions that appeared to have been asked in genuine anticipation of a response, such as questions directed at the writers of an article asking for more details, were annotated as directives. Most of the questions were rhetorical questions that served (often along with capital letters and the flooding of punctuation marks) as expressives. In many cases, what appeared to be rhetorical questions could be interpreted as statements (Van der Merwe 1998:145–6), which were softened by being turned into questions. These cases were annotated as indirect representatives. Of all the speech acts in the sample, 85,25% were indirect speech acts, while 14,75% were direct speech acts.

In conclusion, the majority of the question marks in the sample were used in accordance with the guidelines presented in the *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* (AWS 2017). However, in many instances, the use of question marks was consistent with existing literature on punctuation marks in CMC. The various descriptions of question mark usage in the literature on conversational CMC, such as SMS language, were also applicable to question mark usage in the user comments in the sample. The use of question marks and other punctuation marks to convey elements such as intonation, pauses, loudness, intensity and emotions indicates that a need exists to represent paralinguistic cues in informal written CMC. This need is met to some degree in Afrikaans user comments through the use of punctuation marks.

Keywords: CMC; comment corpus; computer-mediated communication; corpus linguistics; flooding; internet language; punctuation marks; question mark; user-generated comments

1. Inleiding

Rekenaarondersteunde kommunikasie (“computer-mediated communication”, voortaan ROK) is kommunikasie wat deur middel van die internet plaasvind (Crystal 2011:1). In geskrewe ROK ontstaan daar dikwels die behoefte om sekere paralinguistiese betekenisse uit te druk. Paralinguistiese tekens soos intonasie, luidheid, tempo, ritme en pouses, gebare, gesigsuitdrukkings, en liggaamstaal kan onder andere deur grafiese konvensies soos skuinsdruk en leestekens weergegee word (Crystal 2011:18–9; Faddal en Khalifa 2017:295). Een leesteken wat algemeen in geskrewe Standaardafrikaans gebruik word om paralinguistiese elemente soos intonasie (AWS 2017:720; Reël 13.63, AWS 2017:138) en affek (Reël 13.84, AWS 2017:146) uit te druk, is die vraagteken. Gegewe die ongereguleerde aard van taalgebruik in ROK, asook die feit dat ROK beperkings het wat gebruikers dwing om op skeppende wyses met taal om te gaan, is dit waarskynlik dat die vraagtekengebruik in ROK sal verskil van die gestandaardiseerde gebruik van vraagtekens soos dit in normeringsbronne soos die Afrikaanse Woordelys en Spelreëls (AWS) weergegee word.

Vraagtekengebruik word soos volg in die AWS (2017) bereël:

’n Vraagteken sluit ’n direkte vraag, retoriese vraag, einddeelvraag (wat eindig op **nè**, **hè** of frases soos **nie waar nie**), of intonasievraag af (Reël 13.63, AWS 2017:138).

Verder word die gebruik van vraagtekens om affek uit te druk soos volg in die AWS (2017) bereël:

Die vraagteken wat binne ’n sin gebruik word om affek met betrekking tot die voorafgaande woord of woorde uit te druk, word op sy eie of saam met ander woorde tussen hakies geplaas (Reël 13.64, AWS 2017:140).

Bv. *Sy het ’n egte (?) Irma Steyn by die pandjieswinkel gekoop of Ek het hom al twee (drie?) keer gevra om die stoof af te skakel.* (AWS 2017:140)

Die AWS maak ook voorsiening vir gemengde leestekengebruik:

’n Uitroepteken kan ná ’n vraagteken gebruik word om affek in ’n vraagsin aan te dui. In so ’n geval volg die uitroepteken direk ná die vraagteken, sonder enige spasies (Reël 13.84, AWS 2017:146).

Die opmerking onder hierdie reël is relevant, aangesien ROK-kontekste dikwels informele kontekste is:

Buitengewone affek kan in informele kontekste met meer as een vraagteken en/of uitroepteken ná mekaar uitgedruk word (Reël 13.84, opmerking, AWS 2017:146).

Gestandaardiseerde vraagtekengebruik, soos in die AWS bereël, word vervolgens in Tabel 1 opgesom:

Tabel 1. Vraagtekengebruik volgens die AWS

Soort	Enkelvraagteken (?)	Reël 13.63 (AWS 2017:138)
	Vraagteken gevolg deur 'n uitroepteken (!).	Reël 13.84 (AWS 2017:146)
	Meer as een vraagteken (informele konteks).	Reël 13.84, opmerking (AWS 2017:146)
	Vraagtekens saam met uitroeptekens (informele konteks).	Reël 13.84, opmerking (AWS 2017:146)
Konteks	Aan die einde van 'n • direkte vraag • retoriese vraag; • einddeelvraag; en • intonasievraag.	Reël 13.63 (AWS 2017:138)
	Binne 'n sin, ná die woord/woorde wat met affek uitgedruk word.	Reël 13.84 (AWS 2017:146)
Funksie	Sluit 'n vraag af.	Reël 13.63 (AWS 2017:138)
	Dui affek aan.	Reël 13.64 (AWS 2017:140)
	Dui buitengewone affek in informele kontekste aan.	Reël 13.84, opmerking (AWS 2017:146)

Soos reeds aangedui, kom ROK dikwels in informele kontekste voor en kan dit skeppende en onkonvensionele taalgebruik bevat. Onder die regte omstandighede kan nuwe soorte aanlyn taalgebruik binne ure wêreldwyd bekend raak; dit is gevolglik moontlik dat ROK vinnige veranderinge in taalgebruik te weeg kan bring (Crystal 2011:57). Een doelstelling van hierdie studie is dus **om die vraagtekengebruik in ROK te vergelyk met die konvensies van vraagtekengebruik soos dit in die AWS bereël word ten einde vas te stel of hierdie konvensies behou, verbreek of uitgebrei word.**

Daar is reeds heelwat literatuur wat beskrywings van vraagtekengebruik in ROK bevat. Bestaande literatuur oor Afrikaanse ROK fokus egter hoofsaaklik op gelyktydige ROK wat werklike gespreksituasies naboots, soos kletsamer-, SMS- en WhatsApp-gesprekke (sien byvoorbeeld Verhoef 2001; Van Gass 2006; Olivier 2013; Ferreira 2022). 'n Vorm van ROK wat nie veel aandag geniet in literatuur oor leestekengebruik in Afrikaanse kontekste nie, is die kommentaar wat deur internetgebruikers op webtuistes gelaat word. Hierdie kommentaar staan ook as gebruikerskommentaar¹ bekend. Gebruikerskommentaar is 'n vorm van nie-gelyktydige ROK wat eerder losweg vergelykbaar is met voorlopers soos briewe aan 'n koerantredakteur (alhoewel ongeredigeerd) of radio-inbelprogramme (Reich 2011:97). Dit word deur (dikwels anonieme) gebruikers op 'n openbare platform geplaas, terwyl gespreksgebaseerde ROK dikwels

in meer geslote of persoonlike kontekste, soos boodskappe tussen vriende, familie of kennisse voorkom. Verder is gebruikerskommentaar 'n reaksie op die spesifieke artikel, berig of plasing waaronder dit geplaas word (Reich 2011:97), terwyl die onderwerpe van gespreksgebaseerde ROK meer algemeen, uiteenlopend of persoonlik kan wees. Gebruikerskommentaar verskil dus heelwat van gelyktydige gespreksgebaseerde ROK wat betref die konteks en doel daarvan, alhoewel daar ook gesprekke tussen die verskillende gebruikers in 'n kommentaarafdeling kan ontstaan. Gevolglik is 'n tweede doelstelling van hierdie studie **om vraagtekengebruik in Afrikaanse gebruikerskommentaar te beskryf en te vergelyk met literatuur oor gelyktydige ROK**.

Die hoofdoel van hierdie studie is dus om vraagtekengebruik in Afrikaanse gebruikerskommentaar te ondersoek. Om hierdie doelwit te bereik, word daar in die eerste plek 'n literatuuroorsig van vraagtekengebruik in ROK gegee. In die tweede plek word 'n korpusstudie van vraagtekengebruik in ROK in die NWU-Kommentaararkorpus (CTeXT 2022) gedoen. Die resultate van die korpusstudie sal geïnterpreteer word met behulp van vergelykings met die standaardgebruik van vraagtekens soos bereël in die AWS, asook met literatuur oor gelyktydige ROK.

Die presiese wyse waarop die korpusstudie uitgevoer is, word meer omvattend in afdeling 3 bespreek.

2. Literatuur oor vraagteken- en leestekengebruik in rekenaarondersteunde kommunikasie

Vervolgens word 'n aantal algemene aspekte van leestekengebruik in ROK bespreek, naamlik die gebruik van leestekens om paralinguistiese betekenisse uit te druk (afdeling 2.1), die weglating van leestekens (afdeling 2.2), die gebruik van meervoudige leestekens (afdeling 2.3) en die onafhanklike gebruik van leestekens (afdeling 2.4). 'n Verdere aspek van leestekengebruik in ROK wat bespreek word, is die gebruik van leestekens om moderering te ontduik (afdeling 2.5). In literatuur oor die ontduiking van moderering word daar nie spesifiek na vraagtekens verwys nie, maar dit is tog ter sake vir hierdie studie, aangesien vraagtekens moontlik in ROK op hierdie wyse gebruik kan word.

2.1 Die uitdruk van paralinguistiese betekenisse

'n Aspek van geskrewe ROK wat heelwat in die literatuur bespreek word, is die vraag of dit nader aan gesproke taal lê as aan geskrewe taal (Baron 1998:134). ROK word selfs in sekere gevalle beskryf as mondelinge kommunikasie wat bloot neergeskryf is, eerder as “werklike” geskrewe taal (Anderson en Shapiro 1985:29). Volgens Crystal (2011:21) is geskrewe internettaal nie identies aan slegs gesproke of slegs geskrewe taal nie, maar toon dit wel sekere aangepaste eienskappe van beide. Crystal (2011:21) meen ook dat teksgebaseerde taal op die internet beskou moet word as geskrewe taal wat meer na gesproke taal neig, eerder as gesproke taal wat neergeskryf is.

Gesproke taal gaan inherent gepaard met allerlei paralinguistiese tekens: intonasie, luidheid, tempo, ritme en pouses; asook gebare, gesigsuitdrukkings, liggaamstaal en oogkontak (Crystal 2011:18–9; Faddal en Khalifa 2017:295). Hierdie tekens dra by tot die interpretasie van 'n

uiting, en dit het 'n invloed op die betekenis wat oorgedra word (Crystal 2011:18–9). In geskrewe ROK kan daar dus ook 'n behoefte wees om paralinguistiese betekenis op 'n ander wyse uit te druk, aangesien deelnemers mekaar nie kan sien of hoor nie. 'n Persoon in 'n aanlyn sosiale konteks sal robotagtig voorkom indien hulle sekere nuanses nie doeltreffend kan oordra nie (McCulloch 2019:109–10).

Waar paralinguistiese tekens egter in gesproke taal meestal onbewustelik gebruik word, moet dit in 'n geskrewe teks doelbewus geënkodeer word indien die skrywer sou besluit om dit te deel (Van Gass 2006:87). Volgens Crystal (2011:19) is leestekens en skuinsdruk voorbeelde van grafiese konvensies wat gebruik kan word om paralinguistiese betekenis in geskrewe ROK uit te druk. Verhoef (2001:14) skryf dat daar in geskrewe taal gebruik gemaak word van lees- en skryftekens om pouses, intonasie en klemplasinge uit te druk. 'n Studie deur Van Gass (2006:79) oor die gebruik van Afrikaans op *Internet Relay Chat* (IRC) toon ook dat leestekens in hierdie konteks gebruik word om die uitwerking van gesproke taal na te maak. Volgens Kalman en Gergle (2009:2) is veral die herhalende gebruik van leestekens vergelykbaar met paralinguistiese tekens in gesproke taal. Die samevoeging van normale en ongewone leesteken-gebruik, hoofletters en spelwyses kan volgens Kalman en Gergle (2009:16) beskou word as soortgelyk aan die wyse waarop verbale en nieverbale tekens gelyktydig in gesproke taal aangewend word. Die herhalende gebruik van vraagtekens of uitroepetekens hoef egter nie paralinguistiese betekenis voor te stel nie, en kan bloot vir visuele beklemtoning gebruik word (Kalman en Gergle 2009:21).

2.2 Die weglating van leestekens in ROK

Nog 'n algemene punt van bespreking in die literatuur oor leestekengebruik in ROK is dat leestekens dikwels weggelaat word in gevalle waar dit konvensioneel gebruik sou word. Volgens Verhoef (2001:8) word daar in Internetafrikaans feitlik geen leestekens gebruik nie, en kan hierdie eienskap moontlik as 'n inherente eienskap van internettaalgebruik gesien word. Ook Jansen van Vuuren (2007:240) bespreek in 'n studie oor die ROK in kletskamers, e-posse en op webtuistes die weglating van leestekens in kletskamergesprekke. Volgens Jansen van Vuuren (2007:241) word leestekens aan die einde van sinne dikwels weggelaat. Dit kan ook deur 'n emotikon of deur herhalende leestekengebruik vervang word (Jansen van Vuuren 2007:241). Jansen van Vuuren (2007:241) skryf die weglating van leestekens aan sinseindes toe aan die feit dat gelyktydige kletskamergesprekke redelik vinnig kan verloop en dat deelnemers dus beperkte tyd het om 'n boodskap te formuleer en te stuur voordat dit irrelevant word. Wanneer leestekens wel in kletskamergesprekke gebruik word, kom dit hoofsaaklik aan die einde van spreekbeurte voor (Jansen van Vuuren 2007:242). Vraagtekens en uitroepetekens kom meestal voor as intonasie markers, terwyl punte meestal afwesig is (Jansen van Vuuren 2007:242).

Ferreira (2022) het 'n studie gedoen oor die taalgebruik in WhatsApp-boodskappe van 'n groep deelnemers wat deel uitmaak van Generasie X. In die studie is die weglating van leestekens ook ondersoek. Die weglating van leestekens soos aandagstrepe, aanhalingstekens, dubbelpunte, kommas, punte, uitroepetekens en vraagtekens kon geïdentifiseer word, terwyl dit onmoontlik was om die afwesigheid van leestekens soos asteriske, hakies, kommapunte en skuinsstrepe definitief uit te wys (Ferreira 2022:100). Die weglating van vraagtekens is in 1,2% van die boodskappe geïdentifiseer (Ferreira 2022:104). Die voorbeelde van die weglating van vraagtekens wat Ferreira (2022:105) gee, is telkens in spesifieke of algemene vraagsinne.

In 'n studie oor leestekengebruik in die teksboodskappe van Duitse tieners fokus Busch (2021) op die interaktiewe funksie van leestekens in gespreksgebaseerde ROK. Volgens Busch (2021:6) is die herkenbaarheid van 'n sin as 'n vraagsin 'n belangrike faktor wat die gebruik of weglating van 'n vraagteken bepaal. Die sintaktiese strukture by gewone vraagsinne (sinne wat met vraagwoorde begin, sinne waar die spilwerkwoord in die sinsaanvangposisie staan, en einddeelvrae) merk die sinne as vraagsinne, al is daar nie 'n vraagteken aan die einde nie (Busch 2021:6). Die vraagteken word dus meestal by hierdie sinne weggelaat, terwyl dit behou word by geskrewe sinne wat nie as vraagsinne uitwysbaar is sonder dat die stygende intonasie daarvan aangedui word nie (Busch 2021:7).

Die weglating van vraagtekens by sinne wat deur hul struktuur herkenbaar is as vrae, kan self ook 'n doel dien. Ruhl (2016:14–5) beskryf die weglating van vraagtekens op die mikroblog-platform Tumblr by retoriese en sarkastiese vrae. In só 'n geval dui die gebrek aan 'n vraagteken daarop dat die vraagsin op 'n sarkastiese wyse gestel word en dat daar dus nie werklik 'n antwoord daarop verwag word nie (Ruhl 2016:14–5). Die gebruik of weglating van vraagtekens in ROK kan daarom opsigself ook betekenisvol wees.

2.3 Die gebruik van meervoudige leestekens

'n Kenmerk van internettaal waaroor daar heelwat geskryf word, is die meervoudige gebruik van leestekens soos vraagtekens en uitroepetekens. In die reeds genoemde studie deur Van Gass (2006:80) het herhalende leestekengebruik nie gereeld voorgekom nie, en, indien wel, het dit meestal saam met ander wyses van beklemtoning, soos hooflettergebruik, voorgekom. Die gebruik van meervoudige leestekens kom egter wel in ander Afrikaanse studies oor ROK voor (Ferreira 2022; Jansen van Vuuren 2007; Saal 2015).

Jansen van Vuuren (2007:242) se reeds genoemde studie toon dat herhalende leestekengebruik dikwels as eindpuntuasie gebruik word. Meervoudige uitroepetekens of vraagtekens kan volgens Jansen van Vuuren (2007:242) verbasing, onsekerheid of verrassing weergee. Ook Saal (2015:5) beskryf die gebruik van meervoudige leestekens saam met hooflettergebruik in SMS-Afrikaans (byvoorbeeld *WAT?????*) om spesifieke emosies uit te druk. Ferreira (2022:116) dui aan dat die herhaling van leestekens in 16,1% van die boodskappe in 'n WhatsApp-groep met deelnemers van Generasie X voorgekom het. Die herhaling was in die meeste gevalle punte (51,4%) en uitroepetekens (42,7%) (Ferreira 2022:116). Vraagtekenherhaling het in 5,9% van die gevalle voorgekom (Ferreira 2022:116).

Die term *toevloeiing* ("flooding")² kan as 'n oorhoofse term vir die herhaling van letters, leestekens en simbole in ROK gebruik word (De Decker en Vandekerckhove 2017:265). Toevloeiing het verskeie gebruike, onder andere om entoesiasme, ongeloof en ander emosies uit te druk (De Decker en Vandekerckhove 2017:265). De Decker en Vandekerckhove (2017:55) beskou toevloeiing as een moontlike strategie om te vergoed vir die gebrek aan paralinguistiese tekens in ROK. Volgens Daelemans, Hilte en Vandekerckhove (2018:296) word die toevloeiing van leestekens nie noodwendig vir grammatikale doeleindes gebruik nie, maar eerder om intensiteit uit te druk. Daelemans e.a. (2018:297) beskryf ook die gesamentlike gebruik van uitroepetekens en vraagtekens by toevloeiing as 'n kenmerk van leestekengebruik in ROK.

2.4 Die onafhanklike gebruik van leestekens

Soos reeds genoem, kan vraagtekens gebruik word om die prosodiese of pragmatiese inligting, soos 'n stygende stemtoon of die gebruiker se verwarring of onsekerheid, van voorafgaande uitings te enkodeer (Ruhl 2016:8). Volgens Ruhl (2016:8) kan leestekens egter in ROK sonder enige voorafgaande woorde of sinne gebruik word om betekenis uit te druk. Die onafhanklike gebruik van vraagtekens en uitroepetekens (bv. ??? of !!!) kan verwarring of opgewondenheid uitdruk, terwyl punte of ellipse gebruik kan word om pouses voor te stel (Ruhl 2016:9). In 'n studie oor gesprekseine in ROK dui Vandergriff (2013:1) aan dat die niestandaardgebruik van leestekens in sekere kontekste, soos tydsensitiewe of gelyktydige ROK, 'n groter rol as emotikons kan speel. 'n Moontlike rede hiervoor is dat dit makliker en vinniger is om herhalende leestekens, soos ??? of !!!, te tik as om meer as een sleutel te druk om 'n emotikon te skep (dit is moontlik nie meer die geval by emoji's wat intussen meer gewild geword het nie) (Vandergriff 2013:8). Vandergriff (2013:3) beskryf ook die gebruik van die ellips om stiltes in kitsboodskaps gesprekke aan te dui. Die leestekengebruik verskaf in sodanige geval nie net pragmatiese inligting oor die voorafgaande uitings nie, maar druk ook nuwe inligting uit deur 'n lang pouse of stilte aan te dui. Die leestekens kan gevolglik onafhanklik of semi-onafhanklik van voorafgaande uitings gebruik word.

'n Soortgelyke funksie word deur Busch (2021) in die reeds genoemde studie oor leesteken-gebruik in Duitse kitsboodskappe beskryf. In een van die voorbeelde in die studie stuur een persoon 'n boodskap wat 'n direkte uiting bevat. Toe daar twaalf minute later nog geen antwoord ontvang is nie, stuur dieselfde persoon 'n boodskap met 'n enkelvraagteken. Busch (2021:7) interpreteer die gebruik van hierdie alleenstaande vraagteken as 'n manier om die voorafgaande boodskap by te werk ten einde die dringendheid daarvan aan te dui. Volgens Busch (2021:7) kan die vraagteken geparafraseer word as "Wat gaan aan? Waarom antwoord jy nie?". Die betekenis van leestekens wat op soortgelyke wyses gebruik word, is volgens Busch (2021:8) nie arbitrêr nie, maar eerder 'n herinterpretasie of uitbreiding van die tradisionele gekodifiseerde funksie van die leesteken binne 'n bepaalde konteks. Busch (2021) redeneer dat leestekens in ROK nie primêr gebruik word om intonasie of sintaktiese inligting weer te gee nie, maar dat dit eerder gebruik word as 'n meganisme om interaksie te bestuur.

2.5 Ander gebruike in die literatuur: ontduiking van moderering

Vyandige of aanstootlike taalgebruik kom meer gereeld in ROK voor as in kommunikasie wat van aangesig tot aangesig plaasvind (Heuvelman, Moor en Verleur 2010:1536). Die term *lontaanstekery* ("flaming")³ word in sommige literatuur gebruik vir vyandigheid wat aanlyn getoon word, soos beledigings, vloektaal of aanstootlike taal (Heuvelman e.a. 2010:1536). Aangesien lontaanstekery redelik algemeen voorkom, maak sommige aanlyn platforms dit onmoontlik om anonieme kommentaar te lewer (Mungeam 2011:5). Verskeie platforms modereer gebruikerskommentaar deur middel van sagteware of menslike moderators wat aanstootlike kommentaar uitwys en verwyder (Banda en Mokwena 2019:1093). Gebruikers wat kommentaar op berigte lewer, wend daarom soms allerlei ontduikingstrategieë aan om die sagteware wat aanstootlike taal uitwys te fop (Banda en Mokwena 2019:1093).

Banda en Mokwena (2019:1090) het 'n studie gedoen oor die ontduikingstrategieë in kommentaar op nuusberigte van die Suid-Afrikaanse aanlyn koerant *SowetanLIVE*. Volgens Banda en Mokwena (2019:1093) wys die koerant se modereringsagteware vulgêre, diskriminerende of obsene taal in gebruikerskommentaar uit sodat die kommentaar glad nie verskyn nie en deur

moderators hersien kan word. Die ontduikingstrategieë wat beskryf word, behels onder andere om woorde op ongewone wyses te spel; om woorde in lettergrepe op te breek deur middel van spasies of simbole (Banda 2016:113); om woorde uit ander Suid-Afrikaanse tale of slengtaal eerder as Engelse woorde te gebruik; en om lees- en skryftekens op ongewone wyses te gebruik (Banda en Mokwena 2019:1090). Die ongewone gebruik van lees- en skryftekens behels onder andere “leetspeak”, waar die letters van ’n woord vervang word met nie-alfabetiese simbole wat grafiese ooreenkomste met die letters toon (Banda en Mokwena 2019:1094). Alhoewel Banda en Mokwena (2019) nie spesifiek na vraagtekengebruik verwys nie, is dit belangrik om kennis te neem van die gebruik van leestekens om moderering te ontduik wanneer die taalgebruik in gebruikerskommentaar bestudeer word.

2.6 Opsommend

Die wyse waarop vraagtekengebruik in literatuur oor ROK beskryf word, word in Tabel 2 opgesom:

Tabel 2. Vraagtekengebruik in ROK volgens die literatuur

Soort	Meervoudige vraagtekengebruik.	Jansen van Vuuren (2007:242) Ferreira (2022:116) De Decker en Vandekerckhove (2017:265)
	Vraagtekens gekombineer met uitroepetekens.	Daelemans e.a.(2018:297)
	Meervoudige leestekens saam met hoofletters.	Van Gass (2006:80)
Konteks	Weglating by vraagsinne.	Verhoef (2001:8) Jansen van Vuuren (2007:241) Ferreira (2022:104) Busch (2021:6)
	Gebruik by sinne wat nie aan hul struktuur as vraagsinne herken kan word nie en wat dus op die vraagteken staatmaak.	Busch (2021:7)
	Weglating van vraagtekens by vraagsinne om sarkasme aan te dui.	Ruhl (2016:14–5)
	Onafhanklik: vraagtekens wat nie hoofsaaklik verdere inligting oor ’n voorafgaande uiting enkodeer nie, maar wat self ’n onafhanklike betekenis uitdruk.	Busch (2021:7) Ruhl (2016:9)
	Binne-in woorde, in die plek van letters, om die woorde te sensor (“leetspeak”).	Banda en Mokwena (2019:1094)
	Tussen letters/lettergrepe van woorde wat gesensor word.	Banda (2016:113)

Funksie	Druk paralinguistiese betekenisse van gesproke taal uit.	Gergle en Kalman (2009:15) Jansen van Vuuren (2007:242) Vandergriff (2013:1)
	Intonasiemerker	Van Gass (2006:79) Ruhl (2016:8)
	Druk emosies uit.	Jansen van Vuuren (2007:242) Saal (2015:5)
	Aanduiding van intensiteit.	Daelemans e.a. (2018:296)
	Beklemtoning	Van Gass (2006:80)
	Suiwer visuele beklemtoning.	Gergle en Kalman (2009:21)
	As 'n wyse om interaksies te help bestuur.	Busch (2021:1)
	Om woorde te sensor om moderators en modereringsagteware te ontduik.	Banda en Mokwena (2019:1097–100)

Die wyse waarop vraagtekengebruik in ROK in die literatuur beskryf word, verskil heelwat van die wyse waarop vraagtekengebruik in die AWS bereël word. In die korpusstudie wat vervolgens in afdeling 3 beskryf word, word die vraagtekengebruik in Afrikaanse gebruikers-kommentaar ondersoek.

3. Korpusstudie

Die korpus wat in hierdie studie gebruik word, is die NWU-Kommentaar-korpus 1.6 wat op die Virtuele Instituut vir Afrikaans (VivA) se Korpusportaal: Eksklusief (VivA 2023) beskikbaar is. Die korpus bestaan uit ongeredigeerde gebruikerskommentaar op die webblaaie van twee anonieme webtuistes. Die korpus bevat 24 717 097 woorde en 28 137 280 tekseenhede. Die data wat gebruik is, is 'n lukrake steekproef van trefslae vir die lemma “?” in die Kommentaar-korpus. Vanuit die eerste 100 000 trefslae uit die korpus is vierhonderd trefslae lukraak gekies om as die verteenwoordigende steekproef te dien. Die grootte van die steekproef is bepaal deur van 'n aanlyn sakrekenaar gebruik te maak (Select Statistical Services 2023).

Die konteks rondom die vraagteken in elke trefslag is gebruik om die vraagtekengebruik te ontleed en dit volgens sekere kategorieë te annoteer. Die literatuuroorsig het as riglyne vir die kategorisering van elke vraagteken gedien. Ooreenstemmend met die opsommende tabelle wat in die vorige afdelings aangebied is, is die volgende drie hoofkategorieë gebruik vir die ontledings om die twee doelstellings van die studie te kan bereik:

Die soorte vraagtekengebruik, soos enkelvraagtekens, herhalende vraagtekens en vraagtekens wat met ander leestekens gekombineer is (o.a. vraagtekens saam met uitroepetekens, vraagtekens saam met punte of ellipse en vraagtekens saam met ander leestekens).

Die konteks waarbinne die vraagteken voorkom, onder andere die posisie van die vraagteken (aan die einde van 'n sin, binne-in 'n sin, binne-in woorde en onafhanklik of losstaande) en die soort sin of uiting waaraan dit gekoppel is (algemene vraagsinne, spesifieke vraagsinne, einddeelvrae, direkte vrae, retoriese vrae, intonasievrae, woorde of frases wat nie as sinne tel nie, en om affek binne-in 'n sin uit te druk).

Die kommunikatiewe funksies of taalhandelinge (“speech acts”) van die uitings wat met die vraagtekengebruik gepaard gaan.

In gevalle waar die vraagtekengebruik nie onder een van die bestaande subkategorieë kon inpas nie, is nuwe subkategorieë geskep om dit te akkommodeer. Die annotasies is 'n paar maal hersien om dit so korrek as moontlik te maak.

Die resultate word bespreek aan die hand van die drie hoofkategorieë waarvolgens die 400 gevalle van vraagtekengebruik in die steekproef geannoteer is:

3.1 Soorte vraagtekengebruik

Tabel 3 bied 'n opsomming van die frekwensies van die soorte vraagtekengebruik wat in die steekproef voorgekom het:


Tabel 3. Frekwensies van enkel- en meervoudige vraagtekens in die steekproef

Soort vraagtekengebruik	Frekwensie	
	Aantal	%
Enkelvraagtekens (?)	262	65,5
Meervoudige vraagtekens	138	34,5
Totaal	400	100

In die meeste gevalle het daar dus enkelvraagtekens voorgekom, eerder as meervoudige vraagtekens of vraagtekens wat met ander leestekens gekombineer is. Die soorte meervoudige leestekengebruik wat in die steekproef voorgekom het, word in tabel 4 en grafiek 1 opgesom:

Tabel 4. Frekwensies van verskillende soorte meervoudige leestekengebruik in die steekproef

Soort meervoudige leestekengebruik	Frekwensie	
	Aantal	%
Meerdere vraagtekens	112	81,2
Vraagtekens en uitroepetekens	12	8,7
Vraagtekens en punte/ellipse	11	7,9
Vraagtekens en kommas	3	2,2
Totaal	138	100



Grafiek 1. Verskillende soorte meervoudige vraagtekengebruik in die steekproef

Die verskillende soorte meervoudige leestekengebruik wat voorgekom het, naamlik herhalende vraagtekens, vraagtekens saam met uitroeptekens, vraagtekens saam met punte of ellipse en vraagtekens saam met kommas word hier onder bespreek. Die gebruik van meervoudige leestekens saam met hoofletters word ook bespreek.

3.1.1 Herhalende vraagtekens

In 112 gevalle het daar twee of meer vraagtekens saam voorgekom, en die meeste gevalle van meervoudige leestekens in die steekproef het slegs uit vraagtekens bestaan. In hierdie gevalle het daar gemiddeld 4,75 vraagtekens voorgekom:

(1) ABSA WAT IS JULLE KOMMENTAAR???????????????????? HIERDIE GEBEURTENIS IS SKANDELIK!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!

(2) Regtig??????????????????

(3) Wow??? Hy is nou Bloemfontein toe en ek wonder????????????????

In voorbeeld (1) is daar 22 vraagtekens saam gebruik. Dit is die meeste herhalende vraagtekens wat in die steekproef voorgekom het. Die herhaling van die vraagteken in voorbeelde (1) tot (3) kan onder andere dien om die intensiteit van die uitinge aan te dui (Daelemans e.a. 2018:296), om buitengewone affek uit te druk (Reël 13.84, opmerking, AWS 2017:146) of om die uitinge visueel te beklemtoon (Gergle en Kalman 2009:21).

3.1.2 Vraagtekens en uitroeptekens

Die leesteken wat die meeste saam met vraagtekens voorgekom het, is die uitroepteken, wat in 12 van die 26 gevalle voorgekom het.

By vier van hierdie gevalle het 'n enkeluitroepteken ná 'n enkelvraagteken voorgekom, soortgelyk aan die bereëling in Reël 13.84 van die AWS:

(4) Hoekom wou hulle in die 1ste plek nie die syfers bekend maak nie?!

(5) Jap! En hoekom het hy so gou uitgekom?!

(6) Word ons uitgelewer aan die wittes omdat ons nie swart is nie en anders om?!

(7) Wonder waar dink hy kom al die kos vandaan wat hulle, hulself so lekker dik aan eet?!

In voorbeelde (4) tot (6) word die uitroepteken ná die vraagteken gebruik om affek in die vraagsinne aan te dui (Reël 13.84, AWS 2017:146). Verder is voorbeeld (7) 'n stelsin. Hier is dus 'n afwyking van die reël wat die AWS aanbied.

In twee gevalle het die uitroepteken vóór die vraagteken voorgekom:

(8) Dan is dit by hulle waar daar aansoek / hernuwing van vuurwapenlisensies gedoen moet word!?

(9) Wie dink julle het die meeste beskerming nodig!?

Voorbeeld (8) is nie 'n gewone vraagsin nie, aangesien daar nie 'n vraende voornaamwoord of spilwerkwoord in sinsaanvangsposisie is nie. Die gebruik van die uitroepteken vóór die vraagteken skep ook die indruk dat dit 'n uitroep is, met die vraagteken wat ongelooft uitdruk. Die vraagteken kan egter ook van die uitroepsin 'n intonasievraag maak wat met emosie of ontsteltenis gevra word.

Voorbeeld (9) is wel 'n vraagsin, aangesien dit met 'n vraende voornaamwoord begin. Die gebruik van die uitroepteken saam met die vraagteken skep die indruk dat dit 'n retoriese vraag is met die doel om uitdrukking te gee aan emosies soos frustrasie en ongelooft.

Die afwisselende gebruik van vraagtekens en uitroeptekens het vier keer voorgekom:

(10) Maar die boere is skelm?!?!?!?!?

(11) WAT het hierdie mense in die skool gedoen?!?!?

(12) Wat maak dit saak waar Mev Steenkamp haar bevind?!?!?

(13) Wat maak julle alweer?!?!?

In voorbeelde (10) en (11) word 'n vraagteken eerste gebruik, en in voorbeelde (12) en (13) word 'n uitroepteken eerste gebruik. In hierdie voorbeelde is dit egter minder opmerklik watter leesteken eerste voorkom as by die voorbeelde waar slegs een vraagteken en een uitroepteken gebruik word. Die herhaling van die afwisselende vraagtekens en uitroeptekens sal waarskynlik eerste deur 'n leser opgemerk word en daarom is dit van groter belang. Die mengsel van uitroeptekens en vraagtekens kan emosies soos ongeloof, skok of woede uitdruk, terwyl die herhaling hierdie emosies intensiver of beklemtoon. Dit kan moontlik ook 'n aanduiding wees van die volume waarmee hierdie uiting uitgespreek sou word.

In twee gevalle het gegroepeerde opeenhopings van vraagtekens en uitroeptekens voorgekom:

(14) DIE AFRIKANER KAN NIE SAAM STAAN? MMMMM!!!!???

(15) Dis nie in die "Africans" se natuur om so op te tree nie????!!

Aangesien die uitroeptekens en vraagtekens gegroepeer is en nie afwisselend voorkom nie, kan die volgorde waarin dit voorkom 'n groter rol speel as by voorbeelde (10) tot (13) hier bo. In voorbeeld (15) maak die gebruik van die vraagtekens van die stelling 'n intonasievraag. In voorbeeld (14) kan die vraagtekens ook 'n aanduiding wees dat die "MMMMM" met 'n vraende intonasie uitgespreek word, maar in hierdie geval is die doel van die "MMMMM" hoofsaaklik om uitdrukking te gee aan die gebruiker se emosies, aangesien dit reeds deur 'n intonasievraag voorafgegaan word. In albei voorbeelde dra die gebruik van vraagtekens saam met die uitroeptekens by tot die uitdruk van emosies soos ongeloof, skok of woede. Die feit dat die leestekens herhaal, beklemtoon die intensiteit van die gebruiker se emosies. Die herhaling van die uitroeptekens skep ook die indruk dat die uitings redelik hard uitgespreek sou word.

3.1.3 Vraagtekens en punte of ellipse

In 11 gevalle was daar samevoegings tussen vraagtekens en punte of ellipse. Die gebruik van 'n enkelellips gevolg deur 'n vraagteken kom twee keer voor:

(16) Wil ons werklik internasionale druk verkry...?

(17) Ek dink baie daaroor en wonder waarom Hy die reën terughou terwyl sy Skepping so daaronder ly, toe lees ek gister Levitikus 26 en ek wonder- praat die Here met SA...?

Die ellipse in voorbeelde (16) en (17) kan betekenisvolle pouses voorstel en die skrywer se bedoeling om die leser te laat nadink, aandui. Ná die ellipse word die vraagteken gebruik om die vraagsin af te sluit.

In ander gevalle kom óf die punte óf die vraagtekens herhalend voor. Die volgende samevoegings het onder andere voorgekom:

(18) En aan wie behoort Kulula en SAFAIR.....????

(19) WÁT gaan van hierdie kastige verhoor en getuienisse van kom...?? DADELS!!

(20) Enige familie-lid of vriend wat dit lees, gaan mos nou weet van wie word gepraat, asook alle inwoners van daardie omgewing, plus al die leerlinge en hul ouers.....?

(21) HAAI ek het nie eers geweet hy vang vis nie...???

(22) Solank hy terug betaal soos wat hy nommers lees.... 28 (eighttwenty) hundred million 9400 (four hundred thousand) 900 thousand uhmmmm...???

In voorbeelde (18) tot (22) kan die herhaling van die punte of ellipse weereens 'n pouse voorstel. In voorbeelde (18) tot (20) kom hierdie pouses veral betekenisvol voor. Voorbeelde (18) en (19) is retoriese vrae, en die pouse wat deur die ellipse geskep word, asook die herhalende vraagtekens, versterk die retoriese uitwerking daarvan. Voorbeeld (20) is 'n stelsin, en die lang ellips en die vraagteken nooi die leser uit om te dink oor die implikasies van die stelling. Die vraagteken aan die einde van voorbeeld (20) kan ook dien om die stelling te versag of om dit minder finaal te laat voorkom. In voorbeelde (21) en (22) kan die ellipse pouses voorstel, terwyl die vraagtekens wat daarop volg moontlik verwarring kan aandui.

In 'n paar gevalle het 'n enkelpunt saam met die vraagtekengebruik voorgekom:

(23) Tronk toe met die misdadiger, wat anders is hy?.

(24) Glo dit gaan goed met jou?.

(25) So hoekom nog so baie ongevraagde swangerskappe?.

(26) Dit is die plaaslike regering se funksie.???

Dit is moontlik dat die punte in voorbeelde (23) tot (25) onbedoeld daar geplaas is en daarom nie enige doel dien nie.

3.1.4 Vraagtekens en kommas

In die steekproef was daar drie gevalle waar 'n vraagteken deur 'n komma gevolg is.

(27) Ek sidder om te dink vir watter beroepe hulle daar is..dokters?, in die regte?, verpleging?, ingenieurs?, en nie eers om te praat van die polisie kollege, ensovoorts?.

(28) Die vrou wat nou onskuldig doodgeskiet is, was moontlik 'n broodwinner, en wat nou?, wie gaan vir die naasbestaandes sorg.

(29) Wat het hy gedoen?, Selfs sy toilet venstertjie het trelliedor gekry.

In voorbeelde (27) tot (29) het die gebruikers moontlik nie geweet dat hulle nie kommas hoef te gebruik indien daar reeds 'n vraagteken is nie. In die voorbeelde waar die komma en vraagteken slegs een maal saam voorkom, kan dit moontlik ook tikfoute wees. In elke geval kon die kommas eintlik weggelaat word.

Indien die kommas egter opsetlik saam met die vraagtekens gebruik is, kan dit 'n aantal funksies hê. Die gebruik van die kommas ná die vraagtekens skep die indruk dat die daaropvolgende

sinne nog deel uitmaak van dieselfde sin, dus lyk die pouse ná elke vraagteken korter as in gevalle waar die vraagteken as eindpuntuasie gebruik word. Hierdie gebruik van die komma kan geïnterpreteer word as 'n manier om aan te dui dat iets vinnig en op aaneenlopende wyse gesê sou word, terwyl die vraagteken ná die komma affek of intonasie in hierdie langer uiting uitdruk.

3.1.5 Vraagtekens en hoofletters

Vraagtekens is in die steekproef ook saam met ander ortografiese elemente, soos hoofletters, gebruik. Dit het 'n paar maal saam met woorde, sinne of frases wat in hoofletters geskryf is, voorgekom.

(30) DIE AFRIKANER KAN NIE SAAM STAAN? MMMMMM!!!!??? DIT IS PRESIES SOOS JULLE DAAR SE!!

(31) En nou se hy hy wil al die regering politieke mense wat hulle regte “abuse” ontbloom maar WAT VAN HOM????

(32) WANT HOEKOM???????

(33) Maar jy mag 'n T-Hemp dra waarop geskryf staan “F@\$K WHITE PEOPLE”????

(34) ABSA WAT IS JULLE KOMMENTAAR????????????????????? HIERDIE GEBEURTENIS IS SKANDELIK!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!

In al hierdie voorbeelde is die hoofletters saam met meervoudige leestekens gebruik. Die hooflettergebruik saam met die gebruik van meervoudige leestekens versterk die idee van volume en kan selfs die indruk skep dat die uiting geroep of geskree word. Dit beklemtoon die uitinge ook visueel, dus kan dit die emosies wat met die uitinge gepaardgaan, beklemtoon of intensiveer.

3.2 Kontekste van vraagtekeningebruik in die steekproef

Die kontekste waarin vraagtekens in die ondersoek voorgekom het, is in drie hoofkategorieë verdeel:

Gewone vrae: Sinne wat deur hul struktuur as vraagsinne gekenmerk word, soos algemene vrae, spesifieke vrae en einddeelvrae. Spesifieke vraagsinne begin met 'n vraagwoord gevolg deur die spilwerkwoord, en dit vereis 'n ontbrekende stuk inligting as antwoord (Van Rooy 2017:273–4). By algemene vraagsinne staan die spilwerkwoord in die sinsaanvangposisie, en dit vereis 'n bevestigende of ontkennende antwoord (Van Rooy 2017:273–4). Einddeelvrae bevat 'n klein sinsdeel soos *nè* of *nie waar nie* aan die einde van die sin (AWS 2017:716).


Intonasievrae: Sinne met die vorm van 'n stelsin wat soos vrae funksioneer en wat met die intonasie van 'n vraag gesê sou word (AWS 2017:720). Sonder vraagtekens sou hierdie sinne nie soos vraagsinne funksioneer of as vraagsinne herkenbaar wees nie.

Ander kontekste: Gevalle wat nie in een van die bogenoemde kontekste pas nie, soos vraagtekens wat nie aan die einde van 'n sin voorkom nie of vraagtekens ná tussenwerpsels of aanspreekvorme.

Tabel 5 en grafiek 2 bied 'n oorsig van die frekwensies van die hoofkategorieë van die kontekste waarin vraagtekens in die steekproef voorgekom het:

Tabel 5. Frekwensie van vraagtekengebruik in verskillende kontekste in die steekproef

	Standaardvraagteken-gebruik		Niestandaard vraagtekengebruik		Totaal	
	Aantal gevalle	%	Aantal gevalle	%	Aantal gevalle	%
Gewone vraagsinne	197	49,25	83	20,75	280	70
Intonasievrae	65	16,25	44	11	109	27,25
Ander kontekste	3	0,75	8	2	11	2,75
Totaal	265	66,25	135	33,75	400	100



Grafiek 2. Frekwensies van vraagtekengebruik in verskillende kontekste in die steekproef

In die steekproef het vraagtekengebruik in 70% van die 400 gevalle by gewone vraagsinne (algemene vraagsinne, spesifieke vraagsinne en einddeelvrae) voorgekom. In 197 van hierdie gevalle is dit op die standaardwyse gebruik, dus een vraagteken aan die einde van 'n vraagsin. In 83 van hierdie gevalle is die vraagtekens nie op die standaardwyse gebruik nie.

(35) Kry hulle genoeg kos?

(36) watter standaard is hier gebruik????

In 27,25% van die gevalle in die steekproef is vraagtekens saam met intonasievrae gebruik. In 63 van hierdie gevalle kom standaardvraagtekengebruik voor. Daar is dus een vraagteken aan die einde van 'n stelsin, wat die stelsin in 'n intonasievraag omskep. In 43 van die gevalle is die vraagtekens op niestandaard wyses gebruik, soos herhalende of gemengde vraagtekengebruik.

(37) Batterye in rekenaars hou skaars 3 jaar?

(38) Wag tot die pap klaar raak????

(39) Wonder waar dink hy kom al die kos vandaan wat hulle, hulself so lekker dik aan eet?!

In 2,75% van die gevalle in die steekproef is vraagtekens in ander kontekste, byvoorbeeld ná tussenwerpsels of aanspreekvorme gebruik. In sommige gevalle is 'n enkele standaardvraagteken gebruik, en in ander gevalle is vraagtekens op nie-standaard wyses gebruik.

(40) Hau?

(41) Regtig????????????????

(42) jammer skrywer? Hierdie lys korreleer glad nie met die statistieke wat binnelands van die Suid-Afrikaanse universiteite verskaf word nie

(43) Solank hy terug betaal soos wat hy nommers lees.... 28 (eighttwenty) hundred million 9400 (four hundred thousand) 900 thousand uhmmmm...???.....

3.2.1 Gewone vraagsinne

Gewone vraagsinne verwys na sinne soos algemene vraagsinne, spesifieke vraagsinne en einddeelvrae met sintaktiese strukture wat dit as vraagsinne kenmerk. Die frekwensies van die subkategorieë word in tabel 6 uiteengesit. In die steekproef het vraagtekengebruik meestal in gewone vraagsinne voorgekom. Die vraagtekens is ook in die meeste gevalle op die standaardwyse gebruik.

Tabel 6. Soorte gewone vraagsinne en soorte vraagtekengebruik wat daarin voorgekom het

	Standaardvraagtekengebruik		Niestandaardvraagtekengebruik		Totaal	
	Aantal gevalle	%	Aantal gevalle	%	Aantal gevalle	%
Algemene vraagsin	71	25,4	23	8,2	94	33,6
Spesifieke vraagsin	122	43,6	59	21	181	64,6
Eindeel-vraagsin	4	1,4	1	0,4	5	1,8
Totaal	197	70,4	83	29,6	280	100

In 280 van die 400 gevalle het vraagtekengebruik in gewone vraagsinne voorgekom. Volgens Busch (2021:6) is vraagtekens geneig om weggelaat te word by hierdie soorte vraagsinne omdat

dit reeds vanweë die struktuur daarvan herkenbaar is as vrae. Hierdie vraagsinne is nie van vraagtekens afhanklik om as vrae verstaan te word nie. Dit is dus interessant dat die meeste vraagtekens in die steekproef steeds in hierdie soorte vraagsinne voorgekom het. Aangesien die ondersoek 'n soektog na vraagtekens in die korpus behels het, kon hier slegs ondersoek ingestel word na gevalle waar vraagtekens wel gebruik is, en nie na die weglatings (soos in Ferreira 2022:104–5) nie.

Spesifieke vraagsinne maak die grootste gedeelte van die gewone vraagsinne uit, aangesien 64,6% van die gevalle hierdie soort verteenwoordig:

(44) Sjou nou hoekom is my opmerking 3 x geplaas?

(45) Watse positiewe bydrae maak hulle in hierdie land????

33,6% van die gewone vraagsinne was algemene vraagsinne:

(46) Het sy gedink sy gaan wegkom daarmee?

(47) Sal mens dit ooit kan verander???

Daar het slegs enkele einddeelvraagsinne voorgekom:

(48) Dis mos baie maklik om te bewys of nie?

(49) Gee vir beamptes n knuppel en n fluitjie want misdad is onder beheer, of hoe nou?

In die meeste van die gewone vraagsinne is vraagtekens op die standaardwyse gebruik.

3.2.2 Intonasievrae

'n Intonasievraag het die vorm van 'n stelsin, maar funksioneer soos 'n vraag en word met die intonasie van 'n vraag gesê, byvoorbeeld, *Die wekker het al afgegaan?* (AWS 2017:720). Prototipiese intonasievrae kan waarskynlik deur 'n stygende eindtoon en intonasieneigingslyn gekarakteriseer word (Van Huyssteen en Wissing 1996:120).

Hierdie kategorie het bestaan uit sinne, frases en woorde sonder die sintaktiese strukture van tipiese vraagsinne, maar wat steeds soos vrae funksioneer as gevolg van die gebruik van vraagtekens. Die kategorie van intonasievrae is dus onderverdeel in gewone intonasievrae (stelsinne met vraagtekens), frases of onvolledige sinne wat soos intonasievrae optree, en woorde wat soos intonasievrae optree. Die frekwensies van hierdie subkategorieë word in tabel 7 uiteengesit:

Tabel 7: Kategorieë van intonasievrae en soorte vraagtekengebruik wat daarby voorgekom het

	Standaardvraagteken-gebruik		Niestandaardvraagtekengebruik		Totaal	
	Aantal gevalle	%	Aantal gevalle	%	Aantal gevalle	%
Gewone intonasie-vrae	44	40,4	31	28,4	75	68,8
Frases/ Onvolledige sinne	16	14,7	7	6,4	23	21,1
Woorde/ losstaande begrippe	5	4,6	6	5,5	11	10,1
Totaal	65	59,6	44	40,4	109	100

In die steekproef het intonasievrae minder as gewone vraagsinne voorgekom. Die meeste intonasievrae in die steekproef was gewone intonasievrae of stelsinne wat as vrae funksioneer as gevolg van die vraagtekengebruik:

Die volgende is enkele voorbeelde hiervan:

(50) Dalk met dwelms en/of ongure mense deurmekaar geraak?

(51) Maar julle wil soos volwassenes hanteer word??

In sekere gevalle het stelsinne saam met vraagtekens voorgekom op 'n wyse wat die stelling versag of dit minder beslis laat voorkom, eerder as om noodwendig van die stelling 'n intonasievraag te maak.

(52) Stig dan 'n ander hospitaal wat mense vir goedkoper behandel?

(53) ek stem, ek is ook nou al so moeg vir die berig??

In 16% van die gevalle was die intonasievrae frases of onvolledige sinne wat deur die vraagtekengebruik as vrae gekenmerk word. Dit is dikwels ook deur die omringende konteks as vrae gekenmerk:

(54) Wat kan hy sê? **Nog strooi kwytraak?** Groot ou LIEGBEK!!!!!!

(55) Is daar iewers 'n hoogs gesofistikeerde spesialis wat dalk iemand kan aanbeveel wat met meer opsies en oplossings kan kom? **Dalk iemand van oorsee???**

In 13,2% van die gevalle was die intonasievrae slegs woorde wat met vraagtekens geskryf is. Die omringende konteks het bygedra tot die interpretasie van hierdie woorde as intonasievrae:

(56) Die DALid is onmiddelik skuldig en moet geskors word maar die ANC lid is onskuldig! **Dubbele standaarde?**

(57) **Vleisbraai????** Is jy 'n kannibaal??????

Standaardvraagtekengebruik het in meer gevalle voorgekom as niestandaard vraagtekengebruik.

3.2.3 Ander kontekste van vraagtekengebruik

Tydens die annotasieproses is vraagtekengebruik wat nie by vraagsinne voorgekom het nie voorlopig in hierdie kategorie geplaas. Hierdie kategorie bestaan uit die subkategorieë wat in tabel 8 uiteengesit word:

Tabel 8: Frekwensie waarteen vraagtekens in ander kontekste voorgekom het

Konteks	Frekwensie	
	Aantal	%
Binne-in 'n sin	3	27,27
Ná tussenwerpsels	6	54,54
Ná aanspreekvorme	1	9,09
Onafhanklik	1	9,09
Totaal	11	100

In die steekproef is vraagtekens in vyf gevalle gebruik om binne-in 'n sin affek met betrekking tot die woord of woorde wat dit voorafgaan, uit te druk. In die onderstaande voorbeelde word affek ten opsigte van verskillende dele van die sin deur vraagtekens uitgedruk:

(58) die ou mensie het seker tien teen een al vir baie jare in die huis gewoon (en altyd veilig gevoel???? maar agv die land se misdaad? mag niemand meer eintlik op hul eie bly??? al is jy 35 of 40??

(59) As hul iemand vermoor"" moet hul nie die plesier van n tronk lewe ervaar??? maar eerder die dood vonnis gegee word....

In hierdie voorbeelde kan die vraagtekens binne die sin daarop dui dat die voorafgaande sinsdele met klem uitgespreek sou word. Die vraagtekens skep ook pouses tussen die verskillende sinsdele, wat bydra tot die klem wat daarop geplaas word. Verder druk die herhalende vraagtekens emosionele toestande soos ontsteltenis en ongeloof uit. As gevolg van die vraagtekengebruik sou die voorafgaande sinsdele moontlik met 'n spesifieke intonasie uitgespreek word wat help om die emosionele toestande wat uitgedruk word, oor te dra.

Vraagtekens is in ses gevalle ná tussenwerpsels gebruik:

(60) O my god?

(61) MMMMMM!!!!???

(62) Hau?

(63) Regtig??????????

(64) Regtig???

(65) Regtig??????????????

Die gebruik van vraagtekens saam met die tussenwerpsels kan die emosies wat met die tussenwerpsels uitgedruk word, soos skok of ongeloof, intensiveer. Dit kan ook 'n invloed hê op die intonasie waarmee die uitinge uitgespreek sou word.

'n Vraagteken is in een geval gebruik nadat iemand aangespreek is:

(66) jammer skrywer? Hierdie lys korreleer glad nie met die statistieke wat binnelands van die Suid-Afrikaanse universiteite verskaf word nie

In voorbeeld (66) sou "jammer skrywer?" moontlik met 'n stygende intonasie, soos 'n vraag, uitgespreek word. Die vraagteken kan ook daarop dui dat die skrywer op 'n tentatiewe wyse aangespreek word.

In slegs een geval in die steekproef kan die vraagtekengebruik geïnterpreteer word as 'n onafhanklike uiting wat nie slegs paralinguistiese inligting oor die voorafgaande uiting encodeer nie, maar self ook paralinguistiese betekenisse uitdruk (na aanleiding van Ruhl 2016:8, Busch 2021:7; Vandergriff 2013:3–8):

(67) Solank hy terug betaal soos wat hy nommers lees....28 (eighttenty) hundred million 9400 (four hundred thousand) 900 thousand uhmmmm...???.....

In hierdie voorbeeld word gesproke taal nagmaak, dus kan die ellipse as pouses geïnterpreteer word, en die vraagtekens as 'n uitdrukking van verwarring. Hierdie voorstelling van die spreker se verwarring kan moontlik paralinguistiese betekenisse soos 'n verwarde gesigsuitdrukking of ongemaklike liggaamstaal aan die einde van die spreker se uiting uitdruk. Dit druk dus moontlik paralinguistiese betekenisse uit wat nie heeltemal afhanklik is van die voorafgaande woorde nie en ooreenkomste toon met die paralinguistiese betekenisse wat deur emotikons of emoji's uitgedruk kan word.

3.2.4. Kontekste in die literatuur wat nie in die steekproef voorgekom het nie: vraagtekens binne-in woorde om moderering te ontduik

'n Moontlike gebruik van leestekens wat in die literatuur voorgekom het, maar nie spesifiek by die vraagtekens in die steekproef nie, is die gebruik van vraagtekens om woorde wat moontlik gesensor kan word, onherkenbaar te maak (Banda en Mokwena 2019:1097–100). Ander leestekens, skryftekens en simbole is wel in ontduikingstrategieë in die steekproef waargeneem:

(68) En sy is 'n sl.....t!

(69) dink dis 'n (k)(a)(k) idee...

(70) ...nou vra vir jou g@t!!!!

(71) Dit blyk sy het weggehardloop en het die hele land op hol vir kinnerk#k....

(72) @£#@%#%#!!!!

Voorbeelde (70) en (71) is tekenend van “leetspeak”, oftewel die vervanging van letters met nie-alfabetiese simbole wat grafiese ooreenkomste met die letters toon (Banda en Mokwena 2019:1094). In voorbeeld (68) word die letter “e” ook vervang met ’n leesteken, maar in hierdie geval toon die leesteken geen grafiese ooreenkoms met die vervangde letter nie. Die gebruik van die ellips om die letter te vervang herinner aan die bliep geluid of demping waarmee kras, gesproke taal in televisie- en radio-uitsendings gesensor word. In voorbeeld (69) word die letters van die woord deur middel van hakies opgebreek, soortgelyk aan die ontduikingstrategie waar woorde met spasies of simbole in lettergrepe opgebreek word (Banda 2016:113). In voorbeeld (72) word ’n vloekwoord of ’n vloekery voorgestel deur ’n string simbole. In hierdie geval word daar nie ’n spesifieke of herkenbare vloekwoord voorgestel nie, maar bloot die feit dat daar gevloek word.

3.3 Taalhandelinge

Met die annotasie van die taalhandelinge is gepoog om die pragmatiese konteks van die vraagtekengebruik te beskryf ten einde die funksies daarvan in hierdie konteks beter te begryp. Searle (1976:10–6) se vyf kategorieë van taalhandelinge is gebruik: weergewings (“representatives”), verbinders (“commissives”), direktiewe (“directives”), verklaarders (“declarations”) en uitdrukkers (“expressives”). Weergewings is taalhandelinge wat die spreker tot ’n sekere mate verbind aan die waarheid van hul uiting, en dit kan as waar of vals gekarakteriseer word (Searle 1976:10–1). Verbinders is taalhandelinge wat die spreker tot ’n mate verbind aan ’n toekomstige handeling, soos beloftes of voornemens (Searle 1976:11–2). Direktiewe is taalhandelinge soos uitnodigings, voorstelle en bevele waardeur gepoog word om die aangesprokene iets te laat doen (Searle 1976:11). Verklaarders is taalhandelinge wat ’n soort toestands- of statusverandering teweegbring bloot deur die uitspraak van ’n verklaring, soos ’n oorlogsverklaring, afdanking of trouformulier (Searle 1976:13–4). Uitdrukkers is taalhandelinge wat die sielkundige toestand van die spreker uitdruk, byvoorbeeld om geluk te wens, om te bedank, om verskoning te vra, om te troos, om te verafsku of af te keur en om te verwelkom (Searle 1976:12).

Sprekers kan soms met hul taaluiting iets anders as die letterlike betekenis bedoel. ’n Stelling soos “Ek wil hê jy moet dit doen.” lyk op die oog af soos ’n stelling, terwyl dit binne ’n bepaalde konteks as ’n versoek of direktief optree (Searle 1975:59). Daar word dus onderskei tussen direkte en indirekte taalhandelinge, waarby een illokusionêre handeling indirek deur middel van ’n ander handeling uitgevoer word (Searle 1975:60). Die illokusie is die spesifieke doel wat ’n spreker in gedagte het met ’n uiting (Cutting en Fordyce 2021:15). Daar is gepoog om die steekproef volgens die werklike of primêre illokusie van die uitinge te annoteer.

By retoriese vrae was dit dikwels moeilik om die werklike of primêre bedoeling met sekerheid vas te stel. Hierdie gevalle is met behulp van Van der Merwe (1998:145–6) se beskrywings van retoriese vrae geannoteer. Retoriese ja/nee-vraagsinne wat negatief gestel word (byvoorbeeld *Het boere dan nie regte nie?*) impliseer byvoorbeeld ’n positiewe antwoord (*Ja, boere het regte.*) en is gelyk aan ’n positiewe stelling (Van der Merwe 1998:145). Die teenoorgestelde is ook dikwels waar by positiefgestelde retoriese vrae (Van der Merwe 1998:145).

Van der Merwe (1998:146) verwys ook na sogenaamde *w-vraagsinne* waar die retoriese vraag ekwivalent is aan die negatiewe stelling wat uit die vraag geformuleer kan word, byvoorbeeld, *Wat maak dit saak? (Dit maak nie saak nie.)*. Hierdie soort retoriese vrae is dus in sommige gevalle as weergewings geannoteer. In gevalle waar dit duidelik was dat hierdie soort retoriese vrae hoofsaaklik as uitdrukkers van die gebruiker se innerlike toestand gebruik is, is dit as


uitdrukkers geannoteer. Die annotasie van die taalhandelinge is baie subjektief, en verskillende ontleders se interpretasies daarvan sou kon verskil. Dit illustreer egter opsigself dat vraagtekens in ROK op onkonvensionele wyses gebruik word, aangesien dit nie slegs saam met die taalhandelinge wat konvensioneel met vraagtekengebruik gepaardgaan, gebruik is nie.

Tabel 9 bied 'n opsomming van die frekwensies van die soorte taalhandelinge wat saam met vraagtekens in die steekproef voorgekom het:

Tabel 9: Soorte taalhandelinge wat saam met vraagtekens in die steekproef voorgekom het

Soort taalhandeling	Direkte taalhandeling		Indirekte taalhandeling		Totaal	
	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%
Weergewings	23	5,75	39	9,75	62	15,5
Verbinders	1	0,25	1	0,25	2	0,5
Direktiewe	30	7,5	9	2,25	39	9,75
Verklaarders	0	0	0	0	0	0
Uitdrukkers	5	1,25	292	73	297	74,25
Totaal	59	14,75	341	85,25	400	100


Grafiek 3 bied 'n opsomming van die frekwensies van direkte en indirekte taalhandelinge wat in die steekproef voorgekom het:



Grafiek 3. Frekwensie van direkte en indirekte taalhandelinge in die steekproef

In die steekproef was die meeste van die taalhandelinge wat saam met vraagtekengebruik voorgekom het, indirekte taalhandelinge oftewel handelinge wat sydelings deur middel van ander handelinge uitgevoer word.

Grafiek 4 bied 'n oorsig van die frekwensies van die soorte taalhandelinge wat in die steekproef voorgekom het:



Grafiek 4. Frekwensies van die soorte taalhandelinge by vraagtekengebruik in die steekproef

Die soort taalhandeling wat in die meeste gevalle saam met vraagtekens in die steekproef voorgekom het, is uitdrukkers. Uitdrukkers het veral as indirekte taalhandelinge voorgekom en was slegs in enkele gevalle direkte taalhandelinge. Uitdrukkers het dikwels in die vorm van retoriese vrae en stellings voorgekom:

(73) hoe val al wat 'n heining is deesdae om op die kinders????? Dis so tragies en onnodig dat kinders so moet seer kry.

(74) Dit is die plaaslike regering se funksie.???

In voorbeeld (73) is die handeling wat deur die retoriese vraag uitgevoer word om ontsteltenis of hartseer uit te druk, en in voorbeeld (74) is dit om die gebruiker se kritiese houding uit te druk. In nie een van die gevalle word daar dus 'n werklike vraag gestel nie.

Die soorte uitdrukkers wat algemeen voorgekom het, was veral klagtes, versugtings en uitdrukings van ongeloof, afkeer, frustrasie en woede:

(75) Hoe kan die lewe n mens so baie seermaak?

(76) Het hy geen skaamte?

(77) Hoe absoluut sotlik wil jy nou meer hoor?????

Uitdrukkings van beledigings en sarkasme het ook algemeen voorgekom:

(78) Hoe klein moet jul breins wees om DIT NIE te kan verstaan nie??? Ertjiepit size????

(79) Watse gemeenskapdiens - koekies verkoop of wat?

Die uitdrukkers het dus dikwels emosionele toestande deur retoriese vrae eerder as stellings uitgedruk. Die steekproef bestaan uit kommentaar op bepaalde inhoud op 'n webtuiste. Die inhoud van 'n webblad kon bydra tot die aantal uitdrukkers, omdat bepaalde onderwerpe dikwels hewige reaksies by mense uitlok.

Naas uitdrukkers het weergewings die meeste voorgekom. Die verskil tussen die totale hoeveelheid uitdrukkers en die totale hoeveelheid weergewings is redelik groot. Daar het voorts 'n aantal direkte taalhandelinge voorgekom:

(80) Hoe kan julle sê hulle leeftyd is langer? **Batterye in rekenaars hou skaars 3 jaar?**

(81) Enige familie-lid of vriend wat dit lees, gaan mos nou weet van wie word gepraat, asook alle inwoners van daardie omgewing, plus al die leerlinge en hul ouers.....?

Voorbeelde (80) en (81) bevat stellings wat as weergewings funksioneer, dus is dit direkte taalhandelinge. Die meerderheid van die weergewings was egter indirekte taalhandelinge, veral retoriese vrae wat as gelykstaande aan stellings gebruik word (Van der Merwe 1998:145) en wat die gebruiker dus tot 'n mate aan die waarheid daarvan bind. Voorbeelde (82 a.), (83 a.) en (84 a.) word hieronder ook as stellings geskryf in voorbeelde (82 b.), (83 b.) en (84 b.):

(82 a.) ek weet mense kry swaar en kry nie werk maar is dit die oplossing?

(82 b.) *ek weet mense kry swaar en kry nie werk nie maar dit is nie die oplossing nie.*

(83 a.) het jy 'n wapen? Want as jy een het, sou jy geweet het dit is nie 'n gegewe dat j 2 keer vuur, dubbel skote afgaan nie

(83 b.) *jy het nie 'n wapen nie. Want as jy een gehad het, sou jy geweet het dit is nie 'n gegewe dat j 2 keer vuur, dubbel skote afgaan nie.*

(84 a.) as ons nie vir die doodstraf gaan nie wat bly oor?

(84 b.) *as ons nie vir die doodstraf gaan nie bly niks oor nie.*

In die bostaande voorbeelde kon die retoriese vrae in stellings verander word, terwyl dit dieselfde illokusie behou. Weergewings verbind 'n persoon tot 'n mate tot die waarheid van hul stellings. Die gebruik van retoriese vrae om sekere bewerings te maak, kan die indruk skep dat die gebruiker tot 'n mindere mate verbind is tot die waarheid van die stelling. Dit maak dit vir die gebruiker makliker om stellings te maak waaroor daar moeilik geredeneer kan word sonder om die stellings deur redenasies of bewyse te ondersteun. Die gebruik van retoriese vrae kan ook oënskynlik die gebruiker se aanspreeklikheid verminder deur stellings as vrae te

vermom. Dit kan 'n vorm van selfsensuur kan wees wat toegepas word vir die doeleindes van 'n openbare kommentaarforum.

Die volgende taalhandeling wat voorgekom het, is direkte. Dit is moontlik dat vraagtekengebruik in ander soorte internettaal (soos gespreksgebaseerde internettaal) meer saam met direkte sal voorkom, aangesien daar moontlik meer egte versoeke sal wees wat werklik poog om die ontvanger iets te laat doen. Die direkte direkte wat wel voorgekom het, was meestal versoeke aan die webblad se skrywers of vrae waarop daar vermoedelik werklik antwoorde vanuit die kommentaarafdeling verwag is:

(85) is daar af slag vir pensionarisse?

(86) Hoe deel ek dit op my fb blad jul bioskoop aand?

(87) Kan ek net 1 versoek insit? Kan julle die bron van die woord ook insit?

In 'n paar gevalle het gebruikers op 'n indirekte wyse in die kommentaar vir antwoorde gevis eerder as om direk te vra. Hierdie taalhandelinge is as indirekte direkte geannoteer, aangesien die persone moontlik werklik gehoop het op antwoorde:

(88) Het ek die uitsaifrekwensie misgekyk?

(89) Ek weet nie of ek dit gemis het nie maar ek het nooit iets in [die koerant] gelees oor die bomme wat n paar weke gelede in n huis afgegaan het nie waarin 4 persone food is nie? Wil graag daarvan hoor.

In voorbeeld (88) hoop die persoon waarskynlik dat iemand sal antwoord met die uitsaifrekwensie of dat die skrywers van die artikel die uitsaifrekwensie sal byvoeg. In voorbeeld (89) hoop die persoon waarskynlik om 'n antwoord by ander gebruikers te kry, sodat die persoon nie self na 'n ou koerantberig hoef te soek nie.

Daar het slegs enkele verbinders in die steekproef voorgekom. Die direkte en indirekte verbinders wat voorgekom het, het voornemens uitgedruk:

(90) Wil jou iets vra?

Daar het geen verklaarders in die steekproef voorgekom nie.

Gebruikerskommentaar word hoofsaaklik gelewer as reaksies op artikels of berigte. Daar is minimale interpersoonlike interaksie, alhoewel dit wel voorkom, en daarom is die meerderheid van die vrae in gebruikerskommentaar retoriese vrae. In ander vorme van ROK is die doel dikwels interpersoonlike interaksie, dus verskil die kommunikatiewe konteks en die soorte taalhandelinge wat daarin voorkom. Terwyl daar in gespreksgebaseerde ROK moontlik meer direkte saam met vraagtekengebruik sal voorkom, was daar in die gebruikerskommentaar slegs enkele vrae waarop die gebruiker moontlik werklik 'n antwoord verwag het. In die gebruikerskommentaar was die meerderheid van die vrae retoriese vrae wat as uitdrukkers of weergewers gedien het.

4. Samevatting

In hierdie studie is die vraagtekengebruik in Afrikaanse gebruikerskommentaar vergelyk met die bereëling van vraagtekengebruik in die AWS, asook met die literatuur oor vraagtekengebruik in ROK.

4.1. Gestandaardiseerde norme vir vraagtekengebruik in gebruikerskommentaar

Die eerste doelstelling van die studie was om die vraagtekengebruik in ROK te vergelyk met die konvensies van vraagtekengebruik soos dit in die AWS bereël word ten einde vas te stel of hierdie konvensies behou, verbreek of uitgebrei word. In tabel 10 word aangedui of die vraagtekengebruik wat in die AWS beskryf word, wel in die steekproef voorgekom het:

Tabel 10: Vraagtekengebruik in die steekproef volgens die AWS

Soort vraagtekengebruik volgens die AWS	Het dit so in die steekproef voorgekom?
Enkelvraagteken (?) Reël 13.63 (AWS 2017:138)	Ja
Vraagteken gevolg deur 'n uitroepteken (!) Reël 13.84 (AWS 2017:146)	Ja
Meer as een vraagteken (informeel) Reël 13.84, opmerking (AWS 2017:146)	Ja
Vraagtekens saam met uitroeptekens (informeel) Reël 13.84, opmerking (AWS 2017:146)	Ja
Kontekste van vraagtekengebruik volgens die AWS	Het dit so in die steekproef voorgekom?
Aan die einde van 'n • direkte vraag; • retoriese vraag; • einddeelvraag; en • intonasievraag; Reël 13.63 (AWS 2017:138)	Ja
Tussen hakies, binne-in 'n sin, ná die woord/woorde wat met affek uitgedruk word Reël 13.84 (AWS 2017:146)	Nee
Funksies van vraagtekengebruik volgens die AWS	Het dit so in die steekproef voorgekom?
Sluit 'n vraag af Reël 13.63 (AWS 2017:138)	Ja
Dui affek aan Reël 13.64 (AWS 2017:140)	Ja
Dui buitengewone affek in informele kontekste aan Reël 13.84, opmerking (AWS 2017:146)	Ja

Die soorte vraagtekengebruik wat in die AWS bereël word, naamlik 'n enkelvraagteken (Reël 13.63, AWS 2017:138) of 'n vraagteken gevolg deur 'n enkeluitroepteken (Reël 13.84, AWS 2017:146) het wel in die steekproef voorgekom. Enkelvraagtekengebruik het die algemeenste in die steekproef voorgekom, alhoewel die konteks waarbinne die enkelvraagtekens gebruik is, nie altyd met die AWS-konvensies ooreengestem het nie. 'n Vraagteken gevolg deur 'n uitroepteken het in 'n aantal gevalle voorgekom, alhoewel dit nie altyd saam met vraagsinne voorgekom het soos wat in Reël 13.84 (AWS 2017:146) uiteengesit word nie. Die AWS maak ook voorsiening vir sekere soorte vraagtekengebruik in informele kontekste, soos herhalende vraagtekengebruik en die gebruik van uitroeptekens saam met vraagtekens. Albei hierdie soorte vraagtekengebruik het wel in die steekproef voorgekom. Daar het ook ander vorme van vraagtekengebruik in die steekproef voorgekom wat nie in die AWS voorgekom het nie, soos vraagtekengebruik saam met punte, ellipse en kommas.

In die steekproef is vraagtekens onder andere gebruik om vraagsinne soos direkte vrae, retoriese vrae, einddeelvrae en intonasievrae af te sluit. Aangesien die steekproef saamgestel is deur na vraagtekens te soek, kan daar nie uitsprake gemaak word oor die weglating van vraagtekens by hierdie soort vraagsinne nie. Vraagtekens is ook binne-in sinne gebruik om affek met betrekking tot die voorafgaande woorde uit te druk, maar dit het in vorm verskil van die AWS-konvensies, aangesien dit nie tussen hakies voorgekom het nie.

Vraagtekens in die steekproef is gebruik vir funksies wat met die AWS-konvensies ooreenstem. Dit is in die meeste gevalle in die steekproef gebruik om vrae af te sluit, maar daar is nie ondersoek ingestel oor moontlike gevalle waar vraagsinne sonder vraagtekens voorgekom het nie. Vraagtekens is ook gebruik om affek met betrekking tot die voorafgaande sinsdele aan te dui, alhoewel dit in hierdie gevalle nie ten opsigte van vorm met Reël 13.64 (AWS 2017:140) ooreengestem nie, aangesien dit nie tussen hakies voorgekom het nie. Herhalende vraagtekens en vraagtekens wat saam met uitroeptekens gebruik word, is ook in die steekproef gebruik om buitengewone affek uit te druk.

Vraagtekengebruik in die steekproef het dus in baie gevalle ooreengestem met die gestandaardiseerde vraagtekengebruik wat in die AWS bereël word. In heelwat gevalle het die vraagtekengebruik ten opsigte van een aspek, soos vorm, funksie of konteks, met die AWS ooreengestem, en ten opsigte van die ander aspekte weer van die AWS verskil. Die AWS-konvensies vir vraagtekengebruik is dus in die steekproef in sommige opsigte behou en in ander opsigte verbreek.

4.2 Vraagtekengebruik volgens die literatuur oor ROK

'n Tweede doelstelling van hierdie studie was om vraagtekengebruik in Afrikaanse gebruikers-kommentaar te beskryf en te vergelyk met bestaande literatuur oor ROK. Die soorte vraagtekengebruik wat in die literatuur voorgekom het, word in tabel 11 beskryf. Die soorte vraagtekengebruik wat nie in die literatuur voorgekom het nie, maar wel in die steekproef, is in rooi bygevoeg:

Tabel 11. Vraagtekengebruik in die steekproef wat ooreenstem met bestaande literatuur oor ROK

Soort vraagtekengebruik volgens bestaande literatuur oor ROK	Het dit in die steekproef voorgekom?
Toevloeiing: Herhalende vraagtekengebruik (Jansen van Vuuren 2007:242; Ferreira 2022:116; De Decker en Vandekerckhove 2017:265)	Ja
Toevloeiing: Vraagtekens gekombineer met uitropeptekens (Daelemans e.a. 2018:297)	Ja
Toevloeiing van leestekens saam met hoofletters (Van Gass 2006:80)	Ja
Vraagtekens saam met punte/ellipse	Ja
Vraagtekens saam met kommas	Ja
Kontekste van vraagtekengebruik volgens bestaande literatuur oor ROK	Het dit so in die steekproef voorgekom?
Weglating aan die einde van vraagsinne (Verhoef 2001:8; Jansen van Vuuren 2007:241; Ferreira 2022:104; Busch 2021:6)	Kon nie spesifiek in die studie ondersoek word nie.
Gebruik by sinne wat nie aan hul struktuur as vraagsinne herken kan word nie en wat dus op die vraagteken staatmaak (Busch 2021:7)	Ja
Weglating van vraagtekens by vraagsinne om sarkasme aan te dui (Ruhl 2016:14–5)	Kon nie spesifiek in die studie ondersoek word nie.
Onafhanklik: vraagtekens wat nie hoofsaaklik verdere inligting oor 'n voorafgaande uiting encodeer nie, maar wat self 'n onafhanklike betekenis uitdruk (Busch 2021:7; Ruhl 2016:9)	Ja (hang af van interpretasies)
Binne-in woorde, in die plek van letters (“ <i>leetspeak</i> ”) (Banda en Mokwena 2019:1094)	Nee
Tussen letters/lettergrepe van woorde wat gesensor word (Banda 2016:113)	Nee
Funksies van vraagtekengebruik volgens bestaande literatuur oor ROK	Het dit so in die steekproef voorgekom?
Intonasiemerker (Van Gass 2006:79; Ruhl 2016:8)	Ja
Beklemtoning (Van Gass 2006:80)	Ja

Visuele beklemtoning (Gergle en Kalman 2009:21)	Ja
Druk paralinguistiese betekenis van gesproke taal uit (Gergle en Kalman 2009:15; Jansen van Vuuren 2007:242; Vandergriff 2013:1)	Ja
Druk emosies uit (Jansen van Vuuren 2007:242; Saal 2015:5)	Ja
Aanduiding van intensiteit (Daelemans <i>e.a.</i> 2018:296)	Ja
As 'n manier om interaksies te help bestuur (Busch 2021:1)	Nee
Om woorde te sensor om moderators en modereringsagteware te ontduik (Banda en Mokwena 2019:1097–100)	Nee

Die meervoudige gebruik van vraagtekens, asook die gebruik van vraagtekens saam met uitroepetekens, het algemeen in die steekproef voorgekom. Die gebruik van vraagtekens (veral herhalende vraagtekens) saam met uitings wat in hoofletters geskryf is, het ook voorgekom. Twee soorte vraagtekengebruik in die steekproef wat nie in die literatuuroorsig voorgekom het nie, is die gebruik van vraagtekens saam met punte of ellipse, en die gebruik van vraagtekens saam met kommas. Die gebruik van vraagtekens saam met kommas het slegs in enkele gevalle voorgekom en is waarskynlik nie gebruik om 'n spesifieke funksie te vervul nie.

Die weglating van vraagtekens aan die einde van gewone vraagsinne (Verhoef 2001:8; Jansen van Vuuren 2007:241; Ferreira 2022:104; Busch 2021:6) kon nie in hierdie studie ondersoek word nie, aangesien die steekproef saamgestel is deur na vraagtekens in die korpus te soek. Vraagtekens het wel algemeen voorgekom by sinne wat nie die sintaktiese struktuur van vraagsinne toon nie. Hierdie sinne kon dus as gevolg van die gebruik van die vraagteken as intonasievrae geïnterpreteer word (Busch 2021:7). Ook die weglating van vraagtekens by gewone vraagsinne om aan te dui dat die vrae op 'n sarkastiese wyse gevra word (Ruhl 2016:14–5) kon om die voorgenoemde rede nie in die studie ondersoek word nie. Die onafhanklike gebruik van vraagtekens (Busch 2021:7; Ruhl 2016:9) het moontlik in een geval in die studie voorgekom, alhoewel dit ook anders geïnterpreteer kan word. Die gebruik van vraagtekens binne-in kras of aanstootlike woorde om letters te vervang (Banda en Mokwena 2019:1094), asook die gebruik van vraagtekens om woorde in kleiner dele op te breek om dit te sensor (Banda 2016:113), het nie in die steekproef voorgekom nie.

Vraagtekens in die steekproef is gebruik om intonasievrae te maak van woorde, frases en stelsinne, en dit het dus as intonasiemerkers voorgekom (Van Gass 2006:79; Ruhl 2016:8). Die herhalende gebruik van vraagtekens, asook vraagtekens wat saam met uitroepetekens en hooflettergebruik voorgekom het, het verskeie funksies gehad, soos om klem, intensiteit, luidheid of bepaalde emosies uit te druk. Vraagtekens is dus in die steekproef gebruik om sekere paralinguistiese betekenis uit te druk. Dit is wel nie in die steekproef gebruik om interaksies te bestuur op die wyse wat deur Busch (2021:1) beskryf word nie. Dit is ook nie gebruik om kras of aanstootlike woorde te sensor nie.

In hierdie studie is vraagtekengebruik in die Afrikaanse gebruikerskommentaar op twee webtuistes ondersoek. Die twee doelstellings van die studie was om vraagtekengebruik in hierdie korpus te vergelyk met die standaardkonvensies oor vraagtekengebruik, asook met die literatuur oor leestekengebruik in ROK, veral die literatuur oor gespreksgebaseerde ROK. Vraagtekens in die steekproef is meestal op die standaardwyse, soos dit in die AWS bereël word, gebruik. Dit is egter ook op niestandaardwyses gebruik, wat in heelwat gevalle ooreengestem het met bestaande literatuur oor leestekengebruik in ROK. Die soorte vraagtekengebruik wat in die literatuur oor gespreksgebaseerde ROK voorgekom het, het ook in die gebruikerskommentaar in die steekproef voorgekom. Vraagtekens is gebruik om allerlei paralinguistiese betekenisse soos intonasie, luidheid, klem, intensiteit, verskillende emosies, tempo en pouses weer te gee, wat daarop dui dat daar by gebruikers van informele geskrewe internettaal 'n behoefte is om paralinguistiese tekens te gebruik. Verder dui dit daarop dat hierdie behoefte in Afrikaanse gebruikerskommentaar, net soos in ander ROK, op allerlei skeppende wyses deur leestekens bevredig word.

Bibliografie

Anderson, R.H. en N.Z. Shapiro. 1985. *Toward an ethics and etiquette for electronic mail*. Santa Monica: Rand Corporation.

AWS: Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. 2017. *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. 11de uitgawe. Kaapstad: Pharos.

Banda, F. 2016. Towards a democratisation of new media spaces in multilingual/multicultural Africa: a heteroglossic account of multilocal and multivoiced counter-hegemonic discourses in Zambian online news media. *Stellenbosch Papers in Linguistics Plus*, 49:105–27.

Banda, F. en L. Mokwena. 2019. Birds and bees, the 'r' word and Zuma's p*nis: censorship avoidance strategies in a South African online newspaper's comments section. *Sexuality & Culture*, 23(4):1089–109.

Baron, N.S. 1998. Letters by phone or speech by other means: the linguistics of email. *Language & Communication*, 18(2):133–70.

Busch, F. 2021. The interactional principle in digital punctuation. *Discourse, Context & Media*, 40:100481. <https://doi.org/10.1016/j.dcm.2021.100481>

Carstens, W.A. en N. Bosman (reds.). 2017. *Kontemporêre Afrikaanse Taalkunde*. Pretoria: Van Schaik.

Cole, P. en J.L. Morgan (reds.). 1975. *Syntax and semantics*. New York: Academic Press.

Crystal, D. 2011. *Internet linguistics: a student guide*. New York: Routledge.

CTexT. 2022. NWU/Kommentaarkorpus 2.0. Potchefstroom: CTeX, Noordwes-Universiteit. <http://viva-afrikaans.org> (2 Oktober 2022 geraadpleeg).

- Cutting, J. en K. Fordyce. 2021. *Pragmatics*. New York: Routledge.
- Daelemans, W., L. Hilde en R. Vandekerckhove. 2018. Expressive markers in online teenage talk: a correlational analysis. *Nederlandse Taalkunde*, 23(3):293–323.
- De Decker, B. en R. Vandekerckhove. 2017. Global features of online communication in local Flemish: social and medium-related determinants. *Folia Linguistica*, 51(1):253–81.
- Domingo, D., A. Heinonen, A. Hermida, S. Paulussen, T. Quandt, Z. Reich, J.B. Singer en M. Vujnovic (reds.). 2011. *Participatory journalism: guarding open gates at online newspapers*. Oxford: Wiley-Blackwell.
- Faddal, H. en E.M. Khalifa. 2017. Impacts of using paralanguage on teaching and learning English language to convey effective meaning. *Studies in English Language Teaching*, 5(2):295–306.
- Ferreira, J.A. 2022. Onderskeidende stylkenmerke en pragmatiese funksies van Generasie X se SMS-Afrikaans. MA-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika.
- Heuvelman, A., P.J. Moor en R. Verleur. 2010. Flaming on YouTube. *Computers in human behavior*, 26(6):1536–46.
- Jansen van Vuuren, M. 2007. Die internet as platform vir 'n nuwe Afrikaanse spraakgemeenskap en 'n nuwe variëteit: 'n korpuslinguistiese ondersoek. PhD-proefskrif, Noordwes-Universiteit.
- Kalman, Y.M. en D. Gergle. 2009. Letter and punctuation mark repeats as cues in computer-mediated communication. In *95th annual meeting of the National Communication Association in Chicago, IL*.
- McCulloch, G. 2019. *Because internet: understanding the new rules of language*. New York: Riverhead Books.
- Mungeam, F. 2011. Commenting on the news: how the degree of anonymity affects flaming online. MA-verhandeling, Gonzaga University.
- Olivier, J. 2013. Die mate van konsekwentheid in SMS-Afrikaans. *LitNet Akademies*, 10(2):479–505.
- Reich, Z. 2011. User comments. In Domingo, D., A. Heinonen, A. Hermida, S. Paulussen, T. Quandt, Z. Reich, J.B. Singer en M. Vujnovic (reds.) 2011.
- Ruhl, M. 2016. Pragmatics of the keyboard: an analysis of orthographic conventions on Tumblr. MA-verhandeling, San Francisco State University.
- Saal, E. 2015. Teenagers' perceptions of SMS Afrikaans in print advertisements. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies*, 33(1):1–19.
- Searle, J.R. 1975. Indirect speech acts. In Cole, P. en J.L. Morgan (reds.) 1975.

—. 1976. A classification of illocutionary acts. *Language in Society*, 5(1):1–23.

Select Statistical Services. 2023. Population proportion — sample size. <https://select-statistics.co.uk/calculators/sample-size-calculator-population-proportion> (10 Mei 2022 geraadpleeg).

Vandergriff, I. 2013. Emotive communication online: a contextual analysis of computer-mediated communication (CMC) cues. *Journal of Pragmatics*, 51:1–12.

Van der Merwe, T. 1998. Die funksies en toepassings van retoriese vrae. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies*, 18(1):143–7.

Van Gass, K.M. 2006. “Wat sê jy?” The linguistic characteristics of Afrikaans on IRC. *Stellenbosch Papers in Linguistics Plus*, 33(1):69–96.

Van Huyssteen, G. en D. Wissing. 1996. Foneties-fonologiese aspekte van prototipiese Afrikaanse vraagsinne: ’n verkenning. *South African Journal of Linguistics*, 14(34):103–22.

Van Rooy, A. 2017. Afrikaanse sintaksis, funksioneel benader. In Carstens, W.A. en N. Bosman (reds.) 2017.

Verhoef, M. 2001. Die internet as dinamiese taalomgewing: taalveranderingsverskynsels in Internetafrikaans. *Literator*, 22(3):1–19.

VivA. 2023. Korpusinligting. <http://korpus.viva-afrikaans.org/whitelab-versoek/explore/corpus> (14 September 2023 geraadpleeg).

Eindnotas

¹ Die term *gebruikerskommentaar* is ’n vertaling van die Engelse “user comments”, wat in literatuur oor die internet of oor sosiale media gebruik word om te verwys na die kommentaar wat deur internetgebruikers op webtuistes gelaat word (Reich 2011:96).

² Ferreira (2022:306) gebruik die terme *letterherhaling* en *leestekenherhaling* as Afrikaanse vertalings vir “flooding”. Die Engelse term word in ander studies, soos De Decker en Vandekerckhove (2017:265) en Daelemans e.a. (2018:296), gebruik om na die oormatige of herhalende gebruik van letters, leestekens en simbole te verwys. In hierdie studie is *toevloeiing* verkies as ’n vertaling vir “flooding”, aangesien dit al die verskillende soorte herhaling kan insluit. Die vertaling is deur deelnemers op die VivA Taalwerkersforum voorgestel.

³ Die term *lontaanstekery* is deur deelnemers op die VivA Taalwerkersforum as ’n vertaling vir “flaming” voorgestel.